



Optog oor Kerkplein, Pretoria op 10 Julie 1895 vanaf die Spoorwegstasie na die Ou Marksaal vir die dinee tydens die inwyding van die Delagoaspoor. Die een foto is ongeveer 4.10 namiddag geneem, 2 minute voor die ander foto. Die koetse kan nog op die eerste foto gesien word.

Let op: Die Raadsaal met die Grand Hotel en die Ereboog tussenin. Die Z.A.S.M. wapen bo aan die vlagpaal met vlagwimpels as toevoeging tot die Vierkleur. Meintjies se prokureurskantoor (die doodkis) regs langs die Ou Raadsaal. Die Akkerboom waaronder vendusies gehou is, verder regs met daaragter Reck se Bar. Regs in voorgrond kan die groot ingang deur van die Kerk (die tweede Kerk) op Kerkplein gesien word. Dit is in 1904 gesloop.

HERINNERINGE VAN THEUNIS CHRISTIAAN DU PLESSIS (1875– 1958)

Die Inwyding van die Delagoabaaispoor

Ek het ook in Desember 1894 na Delagoabaai gegaan want ek was amptenaar en al die burgers het vry kaartjies gekry om die nuwe spoorweg algemeen bekend te stel. Die reis was voorspoedig. Langs die pad het een burger 'n glasruit in die trein gebreek, dit was net voor die grens en hy moes 500 reis betaal. Die man het hom amper dood geskrik toe hy die prys hoor, maar dit was maar net 10/-. Langs die pad het ons baie wild gesien, meestal seekoë in die Krokodil-, Elands- en Lebomboriviere. By Komatipoort het die trein lank stilgehou en het ons gesien hoe die kaffers deur die rivier loop, halflyf met stokke voel-voel. Daar het ons pragtige mooi wit Portugese nooiens gesien, soos on hulle later genoem het Portuganse. Toe ons oor die grens was in die Portugese trein het ons ons verwonder hoe vinnig die Portugese swart arnoster langs die trein kan hardloop. Die Portugese trein het vreeslik vinnig gery, die burgers sê toe die bloukele kan ry soos die wind.

In Delagoabaai aangekom het ons in die Burgerhuis tuisgegaan, waar veldbeddens voorsien was. Die gebou was spesiaal daarvoor opgerig en met beddens voorsien. Dit was 'n lang gebou. Die aand is ons dorp toe en by die kiosk gaan bier drink. Die volgende dag het ek dadels gekoop wat nog in 'n sakkie was, toegeveg met 'n soort biesie wat die wydte het van 'n duim. Ook het ek vir my nooi 'n woltjale gekoop om vir haar present te gaan gee. Die tjalie het 8/- gekos. Ek het vir my 'n swart ebbehoutkierie gekoop met 'n silwer kop wat in die Engelse oorlog weg is.

Ons het met stoombote oor die baai gegaan om aan die oorkant van die see te gaan swem. Ons ry toe met 'n tug en 'n paar bootjies. Die agterste bootjie het los geraak want dit was vasgebind met 'n sterk kabeltou. 'n Groot oorlogskip kom in beweging en was net op vaart sodat die water kloof en ons was reg voor toe die bootjie losraak. Op die boot was 'n klompie mense. 'n Vriend en aangetroude familielid van my was ook in die bootjie en het kennis gehad van met 'n boot te roei. Sy naam is Frans Roos. Die groot skip kom toe vinnig nader en byna was die los boot onder hom, want die mense by die stuurwiel van die skip kon nie sien nie, want die boot was uit sy oog onder die skip in. Die mense begin skreeu. Roos neem toe die roeispaan ewe koel en roei die boot onder die skip uit.

Ons het toe heerlik geswem, nie denkende aan die gevaar van haaië nie. Toe ek tuis kom op Rustenburg was my pak wolstof klere nog taai van die seewater. Die terugreis was voorspoedig.

Die President se verjaarsdag

Op 10 Oktober was dit die gewoonte van President Kruger om sy verjaarsdag te kom vier op Boekenhoutfontein, waar sy seun Piet en skoonseun Teunis Eloff gewoon het. Met een geleentheid onthou ek nog goed hoe hy vanuit Pretoria met sy Landau na Boekenhoutfontein gekom het. Die Landau spider had 'n geboë bak en deure met 'n verhoog voorop waar die drywer van die span blou perde gesit en met die lysels die perde bestuur het.

Die President en ander hooggeplaaste persone sit dan in die Landau. Gewoonlik ontmoet die burgers die stoet bestaande uit 'n aantal artilleriste met dieselfde kleur perde as wat voor die Landau trek op sekere bepaalde plekke langs die roete. Die ontmoetinge deur die burgers was dan met geweer, perd, saal en toom om Wolhuterskop, dan weer op Marikana, dan op Kroondal vir begeleiding na Rustenburg en verder vir die wegbring na Boekenhoutfontein. Op hierdie plekke word adressé voorgelees, saluitskote afgevuur en toesprake gelewer terwyl die President dan elke keer antwoord voordat verder gery word. Ek self was eenkeer op Kroondal. Daar het ons die President ingewag en 'n stoet gevorm vir die intog in Rustenburg. Die stoet vertrek daar met die vierkleur voor op die perdekommendo. Die vlag word gedra deur my broer Cornelius du Plessis, wat altyd 'n spogperd gery het.

Op Rustenburg aangekom word daar stil gehou waar die Grand Hotel nou staan (gestaan het), onder die koelte van die 100-120 voet hoë laning bloekombome. Daar is dan 'n verhoog waarop die President en ander hooggeplaaste persone met trappe opklim. Die verhoog moes hoog wees want etlike duisende mense is teenwoordig op die plein en almal wil die President sien. Die opklim van Oom Paul gaan gepaard met hoeras en loskruit sarsies. Ek self as skolier het die dag 'n adres moes gaan lees van die

jeug wat ons nou noem Jong Suid-Afrika. Ek was nie bang of bewerig nie, want ek het sterkte van Bo gekry. Ek het die adres voorgelees soos 'n predikant en hard sodat al die mense kon hoor. Die damejies wat die bosse blomme gedra het het saam met my opgeklim. Na ek die adres gelees het, het die President 'n pragtige toespraak gelewer met die woorde dat hy nog nie voorheen 'n adres van skoolkinders gekry het nie, en dat hy dit baie waardeer. Die ruikers is toe deur die skoolmeisies oorhandig en die President het dit self in sy regterhand geneem en die meisies bedank.

Daarna word die reis voortgesit onder luide toejuiging. Die perdekommando het hom vergesel tot op Boekenhoutfontein, waar ons hom afgegee het. Die terugrit Rustenburg toe was vol pret, ons het meeste reises gejaag.

Op 10 Oktober het almal weer na Boekenhoutfontein gegaan, waar ons afgesaal het. Dan het een vir een die President gaan geluk wens met sy verjaarsdag en vir elkeen was daar 'n kort woordjie.

Die volgende dag is die President weer op dieselfde manier terug na Pretoria, alhoewel dit nou 'n deurgaande reis was, sonder onderbreking.



F. W. BEEZHOLD
(1895—1973)

EERVOLLE NAGEDAGTENIS AAN F.W. BEEZHOLD

(Die Victoria Drukkery onder die persoonlike belangstelling van F.W. Beezhold was verantwoordelik vir die druk van Pretoriana vanaf nommers 4 tot by 72)

Meneer F.W. Beezhold, gebore 10 November 1895, het vanaf Holland na Suid-Afrika gekom in November 1946. Ons land was egter nie heeltemal vreemd vir hom nie, aangesien hy al vroeër hier gewoon het. Toe hy nog 'n baba was het sy ouers na Suid-Afrika gekom en het sy vader, nadat hy 'n ruk by die Staatsdrukkery gewerk het, 'n eie besigheid begin. Na die Boere-oorlog, in 1903, het die familie teruggegaan na Holland, waar mnr. Beezhold toe al gou as jong seun in sy vader se besigheid die fyn knepies van die drukkersberoep geleer het. Hy is getroud en 'n seun en 'n dogter is uit die huwelik gebore.

Ou liefde roes egter nie en na alle deurstane ellende gedurende die tweede wêreldoorlog het die gesin besluit om weer na ons vaderland terug te kom. Op 1 November 1946 het hulle hier voet aan land gesit. Na 'n "inwydingstydperk" by die Heraldic Press, sy vader se vroeëre besigheid, waar mnr. Beezhold gewoonnd geraak het aan ons land se taal, mate en manier van besigheid doen, ens., het dit nie lank geduur voor hy sy ideaal verwesenlik en weer sy eie baas geword het nie.

Op 7 Junie 1949 het hy die Victoria Drukkery se deure oopgemaak en al gou 'n goeie en vertroude kring van klante opgebou. Sy klante was gelyktydig sy vriende en hy het altyd uit sy pad gegaan om hulle te help en 'n uitstekende diens te lewer. 'n Regte ou staatmaker. Niks was vir hom so lekker as om 'n persoon tevrede te sien by ontvangs van sy bestelling. Aangesien hy 'n puik vakman was en geen moeite vir hom te veel was om goeie werk te lewer nie, was die resultaat dan ook van 'n baie hoë gehalte.

Ook by die uitgawe van Pretoriana was sy raad uiters waardevol. Op 24 Desember 1973 is mnr. Beezhold oorlede en sy heengaan het 'n oop plek gelaat in baie opsigte en veral ook in Pretoria se drukkerswêreld.

SCHOEMANSVILLE

G.R. Mulder

DIE PLAAS RIETFONTEIN 280: Die plaas Rietfontein 280, distrik Brits, is die buurplaas van HARTEBEESTPOORT en SCHOEMANSVILLE. Die ou Voortrekker, CORNELIUS JOHANNES ENGELBRECHT, was die eerste eienaar en bewoner van die plaas. Die grense van die plaas ongeveer 8 000 morge (6 800 ha) groot, is as volg: Ooëtelike grens: 'n Doringdraadheining van noord na suid. Suidelike grens: Die Witwatersbergreeks tot by Saartjiesnek. Noordelike grens: Die Magaliesberg, 'n natuurlike grens. Die oostelike grens word begrens deur die twee plase Kameeldrift 82 en Uitzicht en die westelike grens deur die plase Hartebeestpoort en Uitval. Toe die ou eerste Voortrekker hom hier gevestig het, ongeveer in die jaar 1843, het hy reeds vir hom 'n Klip-klei-muur huis gebou naby 'n standhoudende waterfontein. Destyds is alle Boerewonings naby fonteine of spruite of riviere gebou met die oog op water vir huislike gebruik en vir hulle diere. Hierdie fontein, waar die eerste huis gebou is, loop vandag nog en is nou weer baie sterk na die goeie reëns. Onderkant hierdie fontein is die koring-, mielie-, lusern-, groente- en tabaklande aangelê. Hierdie boerderye word vandag nog in stand gehou en menige goeie oeste is hier verkry. Vroeër jare is bv. tot 1 000 sakke koring geoes. Praat nie van al die tabak, lusern, groente en mielies nie.

By die afsterwe van die eerste eienaar het hy die plaas onder sy kinders verdeel en nadat vir elke kind eweveel grond uitgemeet was, het daar 'n stuk grond naby Silkaatsnek oorgebly. Hierdie stuk grond, die oorblywende gedeelte van Rietfontein het toe die mooi naam van UITVAL gekry. Hierdie plase, Uitval, is toe verkoop en die kinders van die eerste eienaar het nou elkeen hulle eie stuk grond gehad. Hierdie nuwe eienaars het met die verloop van tyd hulle eiendomme verkoop en sommige het dit weer aan hulle kinders bemaak. Dis op hierdie wyse dat van die derde geslag vandag nou nog op Rietfontein woon. Oom Witneusie of oom Corneels, Cornelius Johannes Engelbrecht, is vandag nog een van die eienare, en ook nog 'n Bona Fide boer. Oom Corneels is reeds 85 jaar oud en woon nog saam met sy vrou, tant Annie (gebore van Zyl) wat ook al 83 jaar oud is.

DIE EERSTE WOONHUIS: Hierdie woonhuis het aan oom Corneels se oupa behoort, stewig van klip-klei-mure met sy solder vir die berging van koring sakke en hawergerwe vir die perde. Die mure is meer dan 24 duim (60 cm) dik en daar woon vandag nog mense in die huis.

BEGRAAFPLAAS: Op die meeste Boereplase in Transvaal tref 'n mens die familie-begraafplaas ook aan. Oom Corneels se oupa en sy vader en moeder lê ook almal hier begrawe. Sy oupa het 'n stukkie grond vir die dooies geskenk en hier rus vandag al menige familielede en ander persone. Jammer dat so baie van die begraafplekke verwaarloos word. Gelukkig is 'n gedeelte van Rietfontein se Kerkhof in mooi orde en onder versorging.

DIE EERSTE SKOOL: Op baie plase het die bewoners daarvan in die vorige eeu, gesorg dat daar ook 'n skooltjie vir die kinders is. Hier op Rietfontein is ook daarvoor gesorg en 'n skooltjie, nogal van twee klaskamers, is van stene opgerig. Vandag kan nog net die tekens van die fondamente, bedek met bossies en gras, gesien word. Hierdie ENGELBRECHTSKOOL het vir meer dan twintig jaar sy dienste aan ons volk se kinders gelewer tot in die jaar 1914. Hier het die kinders skoolgegaan en ten minste geleer skrywe, lees, reken en sing. Vanaf ongeveer 1890 tot 1914 was mnr Rowen die hoof van die skool en mnr Poggenpoel sy assistent. Die Boere-Engelse-Oorlog het ook hierdie skool se bedrywighede tot stilstand gebring maar is na die Oorlog weer met dieselfde onderwysers voortgesit. Na die oorlog was hier ongeveer 30-40 leerlinge en oom Corneels was een van hulle. Oom Corneels vertel dat die kweperlat nie gespaar is nie maar die katekwaad het voortgeduur onder die seuns en dogters. Huiswerk is nooit gedoen nie, want in die middag moes die seuns op die lande en die dogters in die huis help. Skoolvryery was ook volop en so het Oom Corneels dan ook sy vrou vroegtydig kon uitsoek want hulle was saam in dieselfde skool.

DIE TWEDE SKOOL: In 1914 het Rietfontein sy eie Goewerment Skool gekry. Die skool het drie klaskamers en 'n aparte woning gehad. Oom Corneels word die eerste Sekretaris van die Skooldomitee. Die Voorsitter was mnr Hendrik Stander, 'n aangetroude familielid. Mnr Rowen was ook die eerste hoof van hierdie skool en in die jare twintig het mnr Slade by hom oorgeneem. Die skool het bly staan tot in Oktober 1937, onder hoofskap van mnr Slade, toe dit gesentraliseer is met Kameeldriftskool. Dis in hierdie jare 1936-1938 dat sentralisasie op groot skaal in Transvaal plaasgevind het. Soos te begrype was baie ouers woedend en ontevrede met die sluiting van hulle skool na soveel jare van bestaan. Hulle kinders moes nou per bus na die nuwe skool vervoer word. Aan die begin het sekere ouers botweg geweier om hulle kinders te stuur sodat die T.O.D. deur middel van die Skoolraad moes ingryp. Dit was ook die begin van die Skoolbus moeilikhede vir ouer en onderwyser. Almal moes maar kopgee met die tyd en vandag is skoolbusse gladnie meer uit die bouse nie. Rietfontein se kinders is tot aan die einde van 1953 gereeld per bus na Kameeldrift vervoer. In Januarie 1954 is Generaal Hendrik Schoemanskool ge-open en kon Rietfontein se kinders daarheen gaan. 'n Klompie kinders wat aan die oostelike grens van Rietfontein woon is vandag nog in Kameeldriftskool. Die plaas Rietfontein het dus vandag geen skool op die plaas nie.

SILKAATSNEK: Hierdie Nek is vernoem na Silkaats wie se onderdane, die Matabielies, al langs die hange van die Magaliesberg gewoon het. Van hulle krale is vandag nog uitkenbaar op sommige plekke langs die berg. Die eerste wapad het oos van die koppie in die Nek verby gegaan. In 1920 is die pad links (wes) verby gemaak en in 1941 geteer. Vandag is daar 'n pragtige teerpad oor die Nek. Tydens die Boere-Engelse-Oorlog 1899-1902 het die Engelse in 1900 'n soort van Fort-ammunisie-opslagplek gebou net oos van die koppie op die hoogste bergpunt. Hier het hulle 'n paar kannonne en baie ammunisie gestoor maar met die Slag van Silkaatsnek in Junie 1900 het dit alles in die hande van die Boere geval. Die Engelse soldate wat op die Nek gesneuwel het is net daar begrawe maar in 1972 opgegrawe en op Ifafie weer herbegrawe.

RIETFONTEIN SE EERSTE HOTEL (HERBERG): Hierdie Hotel – liewers 'n Herberg genoem – is naby die oorgang van die Nek op UITVAL gebou in die jare negentig met mnr en mev LEE as die eienaars. Hier kon reisigers en verbygangers uitspan en oornag. Die UITSPANNING is vandag nog daar. Daar was ook 'n Biersaal (kroeg), dansplek, swemdammetjie en 'n aantal slaapvertrekkies. Oom Corneels vertel dat hy self hier bier gaan drink het saam met sy vader en ook sy oom, wat soms bietjie geswael geraak het en dan net wou baklei. (Seker vandag nog maar so.) Een aand het sy oom sonder hemp en verskeurd onder by die plaas aangekom en almal moes toe net uit sy pad bly. Menige drink- en danspartytjies is hier deur die eienaar gereël in die jare 1890 – 1910. Mnr LEE is toe oorlede en mev LEE is na SWARTSPRUIT waar sy met 'n nuwe hotelletjie begin het. Dit was ook maar 'n klein primitiewe geboutjie maar is deur latere eienaars verbreek, aangebou en herbou sodat dit die voorkoms van vandag het. Mnr Willem Odendaal, eienaar van die jare veertig, vyftig en sestig het die grootste verbeterings aangebring.

PLEKNAME IN DIE MAGALIESBERG: Soos baie boere op hulle plase, sekere plekke hulle eie benaminge gegee het, so het Rietfontein ook sekere name gehad vir dele van Magaliesberg.

DIEPKLOOF: Byna regoor mnr A.B.R. Scholtz se winkel – effens oos – is Diepkloof – so genoem deur die eerste bewoner, C.J. Engelbrecht. In hierdie Kloof het oom Corneels in die jaar 1900 weggekrui vir die Engelse soldate wat hom wou vang en konsentrasiekamp toe stuur. Saam met hom was 'n stuk of vyftien Boere-Handsoppers wat nie wou veg nie. Hulle is nooit hier opgespoor nie en kos en water is snags deur die plaasvroue aan hulle gebring of gestuur. Oom Corneels se moeder het vir hom gesorg deur 'n Baster snags met water en kos te stuur. Sy moeder en ander vroue wou vir oom Corneels 'n rok aantrek sodat die Engelse moet dink dat hy 'n dogter is en hom dan nie na die Kamp sou wegneem nie. Maar hiervan wou die oom niks weet nie en maar liewer saam met die Handsoppers bedags weggekrui. Hier het hy vir byna 'n

maand gebly en snags onder die kranse van Magaliesberg geslaap. Toe dinge weer stil raak op die plaas na die slag van Silkaatsnek, het hy weer huistoe gesluip en begin help met die boerdery. Hy moes ook die beeste en skape oppas wat teen die hange van Magalieserg gewei het of hy moes hulle gaan bymekaar maak het en kraal toe bring.

DIE PUTJIES: Naby Diepkloof, in die Magaliesberg, is daar 'n plekkie wat as PUTJIES bekend staan. Dis gate wat vroeër jare daar gegrawe is om sekere kleure grond uit te haal. Hierdie amper geel en rooi en bruin grond is gebruik om huise se mure mee af te "wit". Verf en kalk was te duur en onverkrygbaar. Oom Corneels se ouers en sy eie huis se mure is met die kleigrond "uitgeverf". Hierdie wyse van mure skoonmaak is deur baie Boeremense gebruik. Pragtige bak- en sierstene word vandag gemaak deur die Steenmakerye aan die hange van die Magaliesberg.

MOOI-MEISIES-NEK: Hierdie benaming is blykbaar gegee omdat die oorgang in die berg lyk na 'n meisie wat op haar rug lê met 'n mooi "Nek". 'n Mens kan die Nek mooi sien vanaf die N.G. Kerk WESMOOT as jy noord-wes na die Magaliesberg kyk.

SWARTSPRUITRIVIER: Die oorsprong van die riviertjie is op die grense Kameeldrift, Uitzicht en Boekenhoutkloof plase. Sy naam is daaraan te danke dat as die rivier vol is, na reënstorms, dan is die water byna swart van al die swart turfgrond langs die riviertjie se oevers. Waar die Spruit deur Rietfontein vloei is daar pragtige leiklip randjies waar menige vrag leiklip al weggery is na boupersele in Pretoria en Johannesburg. Die rivier vloei aan die oostekant van die Hartebeespoortdam in. Hier by sy mond is die hengelaars gereeld bedrywig.

ALGEMEEN: Die plaas Rietfontein is ook maar met die loop van die jare "versnipper" in honderde kleiner hoewes en net hier en daar is nog 'n paar persone met plasies van 80 of meer Hektare grond. Oom Corneels en tant Annie is vandag die twee oudste inwoners van die plaas, wat daar gebore is, groot geword het, skoolgegaan het, in die huwelik bevestig is en nog altyd ewe fluks hulle tuin- en huiswerkies verrig. Tant Annie vertel nog maklik van hulle "vryersdae" en hoe oom Corneels vir haar, oorkant die spruit, met sy spoggerige vosperd kom kuier het. Sy was baie lief om te dans en het nog altyd 'n opgeruimde, hardwerkende lewe gelei. Werklik nog twee ware gasvrye ou Boere. Hulle het waarlik die tradisies van ons Nasie behou en lewe dit nog elke dag uit.

Herinneringe van Jan Heystek in lewe Landdros van Pietersburg (Soutpansberg) onder die Zuid-Afrikaanse Republiek 1898-1901 as krygsgevangene in Pretoria

Ik zal de verdere beschrývingen der comando's aan andere personen over laten, die een meer werkelijk aandeel daar aan genomen hebben, genoeg voor my te zeggen dat ongeveer een maand na dat Pietersburg door die Engelse ingenomen was, en ik in de Spelonken met de Krygscommissaris en andere ook niet verder konden, en groot gevaar liepen door de kaffers vermoord te zullen worden, besloten terug te gaan en om het beste van twee gelegenheden te nemen, ons aan die Allerchristelikste, allerbesschaafste, edelmoedigste beschermer van de kleine natiën (sic) over te geven, daar het toch voor ons hopeloos was verder tegen stand te doen.

Eenige dagen toen ik in Pietersburg terug was, (ik was op parool) kreeg ik een bezoek van een sekere officier of zoo iets, een zoogenaamde Majoor Bolton. Dat was in de private kamer van de eigenaar van het Transvaal Hotel aldaar, alwaar hy Bolton my had laten roepen. Myñ verblýf was in 't Gouvernementshuis, waar ik als Landdrost gewoond had, doch myñ familie was na Pretoria vervoerd na de inname van Pietersburg.

Met echte geveinsdheid zulke personen waardig begon hy my van de dingen die onder myñ zorg enz. geweest waren als Landdrost te vragen om te zeggen wat er van geworden was, en of ik iets wist van hier van en daar van.

Ik antwoordde hem kortaf door een tolk tussen ons. Ik heb als burger en Ambtenaar der Z.A. Rep. myñ pligten gedaan, zoo lang dit my mogelijk geweest is. Ik heb de sleutel van het Landdrost kantoor in 't slot gelaten en aan de constabels die achter bleven gezegt er na te kyken, waar eenig gouvernements eigendom of ammunitie is enz. enz. Staat niet van my te vertellen om dat ik geen regt het dat te doen en het ook niet wil doen. Ook zeide ik hem dat ek nu buiten alle zake stond wat de oorlog betref, en zelf zoo veel van een verklikker van myñ eigen volk, als hy zelf van het zyne dacht.

Hy stond op met de woorden "Ik zal u na Pretoria stuur, en u daar byzonderheden laten vragen."

Ik had nog myñ eigen zaken die ik mede na 't veld genomen had, behalwe myñ geweren en ammunitie, in de kamer daar ik in kon blýven, en at myñ